Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

TORAH (WET) EN GENADE

LES 12: SLOTGEDAGTES

DIE OU- EN DIE NUWE VERBOND AS EENHEID

1. Christene verwys dikwles na die Skrifte (die Bybel) as bestaande uit die ou en die nuwe testament. Die gebruik van die woord *testament* is hoofsaaklik weens die Griekse woord wat vir verbond gebruik is, naamlik *diatheke* wat beide verbond en testament kan beteken. Die Hebreeuse woord *B'rit* kan egter net verbond beteken. Aangesien die Skrifte 'n boek van verbonde is, is dit meer korrek om daarna te verwys as bestaande uit die *ou verbond* en die *nuwe verbond*. In Hebreeus word daar gepraat van die *Tanach* as die Skrifte van die ou verbond en van die *B'rit Chadashah* as die Skrifte van die nuwe verbond.

2. Die profetiese belofte volgens Jeremia verwys ook baie duidelik na 'n toekomstige **verbond** wat met die huis van Israel en die huis van Juda gesluit sal word (Jer. 31:31 tot 34). Dit is die nuwe verbond waarvan hy geprofeteer het, en hierdie verbond sal nie wees soos die verbond wat YHVH met hulle vaders gesluit het nie. Hiervolgens is dit duidelik dat dit meer korrek is om te praat van die ou- en die nuwe verbond.

3. Verder moet ons duidelikheid hê oor die betekenis van *ou* en *nuwe* ten opsigte van die twee verbonde. Hoewel die woord *nuwe* impliseer dat daar 'n ou een bestaan, is die korrekte siening dat die ou verbond heen gewys het na 'n nuwe en verbeterde verbond (Heb. 8:6), en dat die oue nie totaal vervang word met die nuwe nie.

4. Ons moet ook onthou dat die twee dele van die Skrifte 'n eenheid vorm en nie losstaande van mekaar is nie. Die ou- en nuwe verbond is aanvullend tot mekaar. In die ou verbond is die nuwe verbond verskuil en in die nuwe verbond word die ou verbond openbaar gemaak en bevestig. Die ou verbond, die *Tanach*, begin met YHVH se Hemelse Koninkryk wat op aarde gevestig word, maar deur sonde 'besoedel' word (Genesis 1 en 2) en die nuwe verbond, die *B'rit Chadashah*, eindig met 'n Skepping wat herstel word tot soos wat dit aan die begin was voor die sondeval (Jes. 65:17; Open. 21:1).

5. Tussen die begin en die einde word YHVH se reddingsplan en doel vir die mens uiteengesit. Hierdie plan en doel is gebasseer op die verskillende verbonde met Noag, Abraham, Moses en Dawid wat ingesluit (saamgevoeg) word in die nuwe verbond wat met die huis van Israel en Juda gesluit word. Daarom is dit 'n dwaallering dat die nuwe verbond losstaande van die ou verbond is. Die nuwe verbond moet as die kommentaar en bevestiging van die ou verbond gesien word. Dit is twee verbonde wat 'n eenheid vorm en wat in totaliteit aan die mens gegee is om hom in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, sonde te openbaar, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek sodat die mens wat toegewyd aan YHVH is, volkome voorbereid en toegerus sal wees vir elke goeie werk (2 Tim. 3:16 en 17).

6. Streng gesproke begin die nuwe verbond met die kruisiging en opstanding van Yeshua Messias en nie met Sy geboorte nie. Hierdie is feitelik korrek gesien in die lig van die wyse hoe 'n verbond gesluit is. Dit wat kort voor en tydens Yeshua se kruisiging plaasgevind het bevat alles van 'n verbondseremonie.

7. Die Hebreeuse woord in Jer. 31:31 vir *nuwe* is *chadash* en beteken om *te herstel, nuut te maak, vars en vernuwe*. Hiervolgens is die profetiese belofte van die nuwe verbond die herstel en vernuwing van die ou verbond. Dit is dus nie 'n totaal nuwe verbond nie, maar die bestaande wat nuut gemaak en herstel word. Daarom is dit ook meer korrek om van 'n henieude verbond te praat.

8. In die nuwe verbond word dit bevestig, want die Griekse woord wat in Heb. 8:8 vir *nuwe* gebruik word, is *kainos* en nie *neos* nie. *Neos* beteken iets wat nuut is en nie voorheen bestaan het nie, terwyl *kainos* verwys na dit wat bestaan, maar wat *vars, 'n nuwe tipe, ongeëwenaarde, weergalose en uniek* is. Hierdie woordkeuse bevestig dus dat die nuwe verbond nie iets totaal nuut is nie, maar die ou verbond is wat hernu is ('n nuwe tipe, vernuwe is) en wat uniek en ongeëwenaard (weergaloos) is. Hiervolgens is dit dus duidelik dat die ou verbond nie verwerp kan word nie, maar dat dit steeds deel vorm van die nuwe verbond. In vergelyking met die ou verbond is die genade onder die nuwe verbond vars, 'n nuwe tipe van genade, asook ongeëwenaarde en unieke genade.

9. Die onderrig, instruksies en wysheid van YHVH (Torah) bestaan dus uit die ou- en die hernieude (nuwe) verbond wat as 'n geheel en aanvullend tot mekaar gesien moet word. Daarom is die ou verbond die basis (die fondament) van die gelowige in Yeshua Messias. Ons Messias het gekom om Torah volledig te maak (te vervul) en nie om dit tot niet te maak nie (te ontbind nie) (Matt. 5:17). Hy het **nie** gekom om 'n nuwe wet (Torah) vir ons te gee nie, maar Hy het gekom om Torah en genade nuut en uniek te maak. Hy het gekom om Torah vir ons nuut en vars te maak en om die unieke genade wat YHVH deur Sy Seun aan ons bied, by te voeg. Deur

geloof in Messias word ons deel van 'n unieke verbond wat nie oortref of verbeter kan word nie. Die hernieude verbond is waarlik 'n genadeverbond! Dit is waarlik onverdiende guns wat ons ontvang!

10. Die vertaling van Heb. 8:6 volgens die *Complete Jewish Bible* gee duidelikheid aangaande Torah en die nuwe verbond:

But now the work Yeshua has been given to do is far superior to theirs, just as the covenant He mediates is better. For this covenant has been given as Torah on the basis of better promises.

11. Die beter beloftes is die ongeëwenaarde genade deur geloof in Yeshua en die Afgesonderde (Heilige) Gees wat Torah in ons verstand gee en dit op ons harte skryf en ons die begeerte en krag gee om te hoor (*sh'ma*) en dit te doen (*sh'mar*).

DIE GROOT GEBOD

1. Al YHVH se onderrig en instruksies word saamgevat in die groot gebod soos dit in Matt. 22:36 tot 40 verduidelik word:

"Leermeester, watter bevel is die grootste in die Torah (Instruksies)?" Yeshua antwoord hom: "Jy moet יהוה*, jou God, liefhê vanuit jou hele verstand, wil en emosie, vanuit jou hele gees, vanuit al jou kragte en vanuit al jou verbeelding en begrip. Dit is die eerste en grootste opdrag en die tweede, wat net soos dit is: jy moet jou naaste liefhê net soos jouself. Aan hierdie twee opdragte hang die hele Wet en die Profete."*
(PWL Vertaling)

2. Liefde kan as die *gordynkap* beskou word en die twee *gordyne* wat daaraan hang is die Torah (die wet) en die profete. Indien die *gordynkap* (liefde) weggeneem word, het die *gordyne* (die wet en die profete) niks om aan te hang nie. Die wet en die profete sonder liefde is dus nutteloos. Yeshua het nie gekom om Torah of die profete nutteloos (tot niet) te maak nie. Yeshua is die sigbare manifistasie van YHVH se liefde waaraan beide die Torah en die profete *hang*. Daarom het Yeshua verklaar dat Hy nie gekom het om die wet (Torah) en die profete te ontbind nie (tot niet of nutteloos te maak nie), maar om **beide** te vervul (te bevestig, volledig te maak) (Matt. 5:17 en 18).

3. Deur Matt. 5:17 en 18 te gebruik as bewys dat die gelowige nie onder die wet is nie, omrede Yeshua die wet *vervul* het, is om dan ook te glo dat die profete vervul is. Dit is onwaar! Daar is nog talle profesieë, veral die aangaande Messias se wederkoms, wat nog vervul moet word.

4. Om YHVH lief te hê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou verstand en om jou naaste lief te hê soos jouself is om al YHVH se

onderrig en instruksies (Torah) te hoor (*sh'ma*) en nougeset toe te pas (*sh'mar*). Dit is hoe ons die Beloofde Land (beloftes) in besit moet neem.

5. My liefde vir Torah is die bewys van my liefde vir YHVH. Hoe meer ek YHVH my Vader liefhet, hoe meer sal ek Sy Torah en Yeshua liefhê. My geloof in Yeshua Messias word bevestig deur al die woorde wat Hy gespreek het te glo en te doen. Hierdie is ook die bewys van my liefde vir God (Joh. 14:21 en 23). Yeshua is die lewende Torah (Joh. 1:1 tot 3). Deur geloof ontvang ek die ewige lewe en deur gehoorsaamheid aan Torah leef ek die ewige lewe as geregverdigde. Indien ek in Yeshua as Messias glo, glo ek ook in Vader-God wat Hom gestuur het om die Torah (wet) te kom vervul – naamlik om die wet vol en volledig te maak. Deur in Yeshua te glo, glo ek ook dat **nie een jota of titteltjie van Torah opgehef is nie** (Matt. 5:17 en 18).

6. Deur daagliks volgens Torah te leef:

   - Ondervind en ervaar ek in my Messias die heerlikheid van Vader-God, want Hy openbaar Homself aan my en Hy maak Sy woning by my (Joh. 14:21 en 23).

   - Word ek toenemend vrygemaak van die werke van die vlees en van die duisternis van onkunde, dwaling, leuens, sonde en 'n verkeerde lewenswyse (2 Kor. 6:17 en 7:1; 1Joh. 3:3).

   - Leer ek dat Torah die ewige lewe is (Joh. 12:49 en 50; Rom. 6:22; 1 Tim. 6:12)

ERNSTIGE WAARSKUWING

1. Indien ons Heb. 10:26 tot 29 noukeurig lees, is die volgende baie duidelik:

   - Vers 26: Vir diegene wat opsetlik sondig nadat hulle die kennis van die waarheid ontvang het, is daar geen vergifnis nie. Torah leer ons wat sonde is (Rom. 3:20; Rom. 7:7) en is dus die kennisbron van waarheid. Opsetlike sonde is om willens en wetens aan Torah ongehoorsaam te wees. Dit is om wetteloos te wees en te sondig (1 Joh. 3:4).

- Vers 27: Diegene wat opsetlik sondig (aan Torah ongehoorsaam is) het ‘n verskriklike verwagting van YHVH se oordeel en se eindbestemming is die hel.

- Vers 28: Iemand wat die Torah van Moses verwerp, sterf sonder genade (Deut. 17:6 en 19:15). Deur Torah te verwerp, omhels jy sonde en staan jy skuldig aan die wet.

- Vers 29: Maar die straf van iemand wat die genade van God deur Yeshua verwerp se straf sal soveel swaarder wees. So ‘n persoon het die wet en die genade verwerp. Indien jy Torah verwerp, verwerp jy die genade, want dan verwerp jy die genade wat die aanklag van Torah tot niet verklaar.

2. Die ganse mensdom, gelowiges en ongelowiges, staan onder die gesag van Torah. Dit is die hoogste gesag en elkeen sal daarvolgens geoordeel word. YHVH oordeel niemand nie, maar het die oordeel aan Sy seun, Yeshua gegee (Joh. 5:22). Hy is YHVH se Woord en hierdie Woord is Torah en dus word elke mens deur Torah (die wet) geoordeel. Die woord (Torah) wat Yeshua gespreek het, sal elkeen oordeel (Joh. 12:48).

3. Omrede Torah die aanklaer en vonnisoplegger is, word Torah ‘n skuldlas waaronder elke mens voortdurend gebuk gaan, want elke mens staan skuldig aan oortreding van Torah. Deur geloof dat Yeshua Messias in my plek die skuld aan oortreding van Torah op Hom geneem het en in my plek gesterf het, spreek my vry van enige skuld. My skuldlas is opgehef hoewel Torah steeds geldig is. Ek is dus nie meer onder die wet wat my skuldig vind nie, maar nou onder die genade wat my vryspreek.

4. Beteken dit dat ek nou kan aanhou sondig sodat die genade meer kan word (Rom. 6:1). Nee, want ek het deur geloof in Messias die sonde afgesterf – ek beskou myself as dood vir die sonde (Rom. 6:2 en 11) en ek stel nie myself tot beskikking van die sonde nie (Rom.6:13).

5. Omrede Torah, insluitend die Tien Gebooie, steeds geldig is, sal ek nie willens en wetens dit oortree nie, want dan sondig ek opsetlik uit eie keuse. Dan is daar vir my geen genade nie, want ek verwerp die wet van Moses (Heb. 10:28) en dan is ek ook skuldig aan die verwerping van YHVH se genadevoorsiening in Yeshua wat my vrygespreek het van my sonde en van sonde wat ek steeds uit swakheid soms begaan, hoewel my begeerte is om in alles aan Torah gehoorsaam te wees (Heb. 10:29). Soos Paulus voer ek ook ‘n stryd van die goeie wat ek wil doen, dit doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek (Rom. 7:17 tot 22).

6. **Slotsom:** Indien ek enige gebod (soos die shabbatsgebod) willens en wetens oortree, verwerp ek die wet van Moses (Torah) en verwerp ek die genade van YHVH. **Ek probeer nie geregverdig word deur die wet nie, want dit is onmoontlik**. Ek begeer en probeer egter wel om nie te sondig nie, want 'n lewe as geregverdigde vereis dit. Deur die genade van YHVH het Hy Sy Gees in my uitgestort wat my leer en lei, asook die krag gee om gehoorsaam aan die wet te leef. In Yeshua Messias is dit alles moontlik.

7. Laat ons hierdie Skriftestudie afsluit met 'n herinnering aan die woorde in Joh. 2:3 tot 6:

En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooie bewaar. Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy gebooie nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie. Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is. Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het.

BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE

1. Is dit nie vreemd dat wanneer iemand die shabbat gedenk volgens die opdrag in die Tien Gebooie dan word so 'n persoon beskuldig dat hy deur wetsonderhouding probeer om geregverdig verklaar te word? Maar, indien enige persoon egter hom byvoorbeeld weerhou van steel, of moor, of egbreuk pleeg of om geen ander gode te dien nie, dan probeer so 'n persoon **nie** om deur wetsonderhouding geregverdig te word nie. Hoekom word die shabbatsgebod anders beskou as die ander nege gebooie? Indien dit dan waar is dat ons vry van die wet is, dan moet ons tog vry van al tien gebooie wees en nie net van die shabbatsgebod nie! Almal is dit eens dat ons nie mag steel nie, nie die Naam van God ydelik mag gebruik nie, nie mag begeer nie, ensovoorts nie en dan word dit nie as wettiesheid beskou nie. Maar wanneer ek egter die shabbat gedenk en dit heilig, dan is ek wetties. Dubbele standaarde! Ons is vry van al Tien Gebooie of van geen een nie!

Shalomgroete.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.